**5 OKTOBER** **SKRIFGEDEELTE: Psalms 104**

**FOKUSGEDEELTE: Psalms 104:25-35, 37**

**Die wonder van God se skepping**

Hierdie psalm was gebruik in die Tempel aanbidding gedurende die herfs oesfees. Die tema is die skepping se orde, simmetrie, balans en grootheid van die skepping.

Daar is ‘n ooreenkoms tussen die 7 dae van die skepping en die psalm.

Vergelyk:

die eerste dag met verse een en twee.

die tweede dag met verse twee B en vier.

die derde dag met vers vyf tot nege.

die vierde dag met verse negentien en twintig.

die vyde dag met verse vyf en twintig en ses en twintig.

die sesde dag met verse een en twintig tot drie en twintig en sewe en twintig en agt en twintig.

Die sewende dag met verse een en dertig to vyf en dertig
Die psalmdigter sien meer as die skepping, Hy sien God as die skepper. Hierdie psalm is genoem die pêrel van alle psalms.

God is betrokke by alles. Niks kan asemhaal sonder Hom. Hy gee nuwe lewe elke dag. As ‘n mens voor die wonder van die skepping staan dan slaan ons asem weg. Hoeveel te meer as ons voor die skepper staan van hierdie wonder. Alleen die Gees van God kan ons werklik Sy majesteit laat sien in Sy skepping. Soos Hy eens lewe gegee het so gee Hy nuwe Lewe aan Sy kinders.

Laat ons elke dag in die wonder van die skepping, die wonder van die skepper raaksien. Laat die lofsang van die skepping ‘n ego wees van ons lofsang.

*Ds Paul Lubbinge (Mosselbaai)*